| 10 Oktober | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 12 OKTOBER SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds. Heinrich Carstens | Ds. Hendrik Saayman | Ds. Kirsten Small |
| 2 Timoteus 2:8-15 | Lukas 17:11-19 | 2 Timoteus 2:8-15 |

LIG | DEERNIS | HOOP

## Kuierkerk







## Hangklipkerk

## Kleinmondkerk



YouTube

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is:

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

*Gebruik gerus die **SnapScan-opsie** om jou offergawe te gee.*

SnapScan

# Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Dinsdag 14 Oktober** | ***09:00*** | Hangklip Gebedsgroep |
| | ***17:15*** | Eko-bediening |
| | ***16:30*** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| **Woensdag 15 Oktober** | ***18:00*** | Rusplek Erediens (Kapel) |
| | ***18:00*** | Dissipelskapgroep (TYD-kuierruimte) |
| **Donderdag 16 Oktober** | ***06:00*** | Hangklip Mannegroep |
| | ***17:30*** | Diensverhoudingekommissie |
| **Vrydag 17 Oktober** | ***06:30*** | Kleinmond Mannegroep |
| | ***15:00*** | Hangklip Jeugbyeenkoms |
| **Saterdag 18 Oktober** | ***08:30*** | Eko-bediening Skoonmaakdag |




Deuroffers vandag
ondersteun die sinode se bediening in
Mosambiek, Zimbabwe en Malawi.


Deuroffers volgende week
gaan vir ons gemeente se Vrouediens!


Dankofferbydraes
Merk asseblief jou
dankofferbydrae met
HK vir Hangklipstreek
of
KM vir Kleinmondstreek




Gebedsgroepe

Verjaardagfees Gesamentlike Erediens







Hangklip Kuierbasaar


Wit olifante





Bestel nou **Uit die Beek**

vir 2026 kan nou by die kerkkantoor bestel word.
Bestel asb voor 14 Oktober @ R230
(gewone prys na 14 Oktober is R270)






Baie dankie aan Anika Krige van Senses Salon vir die skenking van die bed vir ons Noordhulp-area.




*Die **Omgee-boetiek by die Kerksaal** in Eerste Laan word bedryf deur middel van donasies van goedgesinde gemeentelede – wat ook weer aankope kom doen. Ons is bewus daarvan dat daar heelwat ander soortgelyke ondernemings op Kleinmond is, maar wil tog vriendelik versoek dat mense ons sal ondersteun. Die geld wat ons deur verkope genereer word gebruik om te help met die aankope van kospakkies (Diens van Barmhartigheid se groot taak). Die afgelope tyd is dit egter baie stil by die boetiek en ons herinner graag almal dat ons steeds oop is op 'n **Maandag** en 'n **Vrydag tussen 10:00-12:00**.*

*Bring asseblief dit wat al so lank stof vergaar en kom snuffel self.*

*Ons kan ook kom afhaal as u nie self kan aflewer nie. Absoluut enigiets is welkom.*

*Bring asseblief **skoon leë koffiebottels** met deksels na die Kerksaal vir die Kleinmond Sopkombuis!*

*Dis is weer ons Gemeente se beurt op 18 November om bottels te pak.*



## Besprekings

Kontak vir Joke by die Kerkkantoor (028 271 3470) vir enige **besprekings** by die Kerksaal, Kleinmondkerk of Hangklipkerk.

## Ons leraars se kontakbesonderhede

| Ds. Heinrich Carstens | Ds. Leopold van Huyssteen | Ds. Kirsten Small |
|---|---|---|
| ***083 566 1490*** | **082 707 0676** | ***079 296 2431*** |
| heinrich@ngkogelberg.co.za | leopold2493@gmail.com | kirsten@ngkogelberg.co.za |





# MOBIELE KLINIEK BRING HOOP EN GENESING AAN AFGELEË GEMEENSKAPPE IN MOSAMBIEK

Dit is ‘n drukkende, warm dag in Mosambiek se Angónia-distrik. Op ‘n droë stuk grond onder ‘n groot mangoboom vergader ‘n klompie vroue en kinders. Party het al ure se stap agter die rug. Hulle wag. Hulle weet: vandag kom die mobiele kliniek.

Die kliniek, wat byna 30 jaar gelede deur Suid-Afrikaanse sendelinge begin is, word nou bestuur deur Missão Betesda em Moçambique. Dr. Pim de Lijster en sy vrou, Willemijn, woon in Portugal, maar keer jaarliks terug om leiding te bied. Elke maand besoek die kliniekspan, insluitend ’n mediese tegnikus, verpleegsters en vroedvroue, tien afgeleë dorpe soos Nkhame en Chicoa.



Die paaie is moeilik begaanbaar, veral tydens die reënseisoen, maar die span trotseer dit met toewyding. Onder ‘n boom word kinders geweeg, swanger vroue ondersoek en pasiënte vir siektes soos malaria, diabetes en hipertensie behandel.

## Mag God aanhou dié bediening seën!

Die pad vorentoe mag dalk uitdagend wees, maar met die ondersteuning van talle individuele en gemeentes en deur God se genade, sal die Mobiele kliniek in Mosambiek se lig bly skyn.

Die beskikbaarheid van medikasie bly ’n uitdaging, aangesien die kliniek afhanklik is van Mosambiek se gesondheidsowerhede. Tog gaan die werk onverpoos voort, gedryf deur geloof en roeping.

Op 16 Februarie is ’n geliefde spanlid, Avora Mário (Lucrécia), oorlede. Haar dood laat ’n groot leemte, maar haar nalatenskap leef voort. Die kliniek se voortbestaan berus op toegewyde personeel, betroubare voertuie en ondersteuning van sendelinge, Getuienisaksie en ander sendingorganisasies. Ondanks uitdagings bly dié mobiele kliniek ’n baken van hoop vir duisende mense sonder ander toegang tot gesondheidsorg.

Daniël de Wet | missio@kaapkerk.co.za | 082 068 7795 | getuienis.christians.co.za

# Vrouebybelstudie

## KLEINMOND

### MAANDAG 13 OKTOBER

Sc-wyke - **15:00** - 2 de Laan 36 - Comine Conradie

### DINSDAG 14 OKTOBER

Kogelpark - **10:00** - Biblioteeksaal
Sb4 - **10:15** - Kapel - 4de Laan 67
Sa 3 & 4 - **15:00** - 1ste Laan 111 - Joan Marnewick
KB 6 - **15:00** - Fynbospark Kuierkamer

### WOENSDAG 15 OKTOBER

HK 1 & 2 - 09:30 - Kapel - 4de Laan 67
Ba 1 tot 3 - **10:00** - Jasmyn 2, 12 de Laan 28 - Cecile Coetzee
HK 3 - **10:00** - Irislaan 3 - Elsabé Smit
KB 1 tot 5 - **15:00** - Boekenhoutlaan 32
PM 3 - **15:00** - Neethlingstraat - Retha van Coller

Ons sondes en ons deugde

# Hoe bly ons weg van die sonde?

Ons het vanjaar baie gesels oor sonde. Vandag gaan ons planne mqqk oor hoe om nie sonde te doen nie. Hieroor het die brief van Judas onverwagse goeie raad.

## 1. Die tweede laaste boek in die Bybel: waarskuwing en goeie raad

Niemand weet regtig wie Judas was of wanneer hy sy brief geskryf het nie.
Ons weet wel dis geskryf vir gelowiges, en ons neem aan hulle was Joodse bekeerlinge omdat Judas baie voorbeelde uit Joodse geskrifte noem. Hy neem aan dat sy lesers die agtergrond van die name en voorbeelde wat hy noem, sal ken.
Dit is 'n haastige, kort brief. Judas het gehoor van mense wat "ongemerk" die klein gemeente binnegekom het en begin het om allerhande verkeerde dinge te verkondig. Judas wil sy gemeente teen hulle en hulle praktyke waarsku.

**1.1 Lees Judas 1:1-2.**

**1.2 Hoe beskryf Judas die gemeentelede? Lees vers 1.**

Wat beteken elkeen van die dinge wat hy noem? Wat beteken dit vir jou?

**1.3 Wat is sy gebed vir hulle? (vers 2)**

Sit 'n rukkie stil en sien hoe God jou ook toevou met sy barmhartigheid, vrede en liefde. Hoe laat dit jou voel?

**1.4 Judas beskryf die gevaar waarin die gemeente verkeer**

In vers 3-19 beskryf Judas die gevaar wat die "goddelose mense" se gedrag en woorde inhou. Hierdie mense het so ongemerk in die gemeente gekom dat mense skaars agtergekom het hoe hulle die waarheid verdraai. Hulle het sedeloosheid verkondig en hulle was in opstand teen God.
In vers 20-23 verduidelik Judas dan hoe die gemeente hierdie gevaar moet hanteer.

**1.5 Troos en versekering**

Watter versekering gee hy in vers 15? Hoe kan so 'n versekering die gemeente help?

## 2. Wat moet ons nou doen?

**2.1 Lees Judas vers 20–23.**

Hoe moet die gemeente reageer op die bedreiging in hul midde?

### 2.2 Basiese "lewensreëls vir gelowiges"

Maak 'n lys van dinge waarop hulle hul lewe moet bou (v 20-21).

Gesels oor hierdie lewensreëls. In watter mate is dit waar in jou lewe? Wat is vir jou moeilik?

### 2.3 Hoe doen mens dit?

Lees vers v 22-23. Judas vra nie dat die gelowiges in argumente betrokke moet raak of die "inkommers" moet wegjaag nie. Wat moet hulle doen?

## 3. Fokus!

Begin jy nou al 'n idee vorm van die dinge waarop ons moet fokus wanneer ons teen die sonde stry?
Lees gerus Heb 12:1-2 as jy 'n duideliker prentjie nodig het.

## 4. Hoe werk dit in die regte lewe uit?

4.1 Lees Rom 12:9-21, Kol 3:12-17 of Ef 4:25 – 4:2. Maak 'n lys wat opsom hoe 'n gelowige moet lewe.

4.3 Hoe moet ons volgens Paulus lewe? Onthou dat die Christene destyds 'n klein minderheidsgroep was. Wat was die beste manier om God se liefde en genade en hulle verwagting van die ewige lewe te demonstreer?

4.4 Waar val die klem: op positiewe dinge om te doen of negatiewe dinge om te vermy?

4.5 Kyk wie kan die kortste opsomming maak van die drie lyste.

4.6 'n Laaste woord: Lees Jesus se woorde in Joh 13:14-15 en Joh 15:12

# Vir die laaste byeenkoms in November

1. Watter nuwe insig het jy oor sonde gekry?
2. Watter plek moet nadenke oor sonde in jou lewe hê?
3. Paulus het gesê waarop ons ons gedagtes moet rig. Kan jy onthou wat dit is? Lees Fil 4:8.
4. Watter insig het die gesprekke oor sonde jou gegee ten opsigte van jou lewenswyse?



# VGK KLEINMOND

# *Kermis*

## SATERDAG
## 4 OKTOBER 2025
















PUMA
LITE


Boekenhout



# Eko-diens

## Sien God in die fynbos Ps 19

Jan Momsen + Dr Ernst van Jaarsveld

Sondagoggend 5 Augustus 2025 9h30



*Met liefde gemaak deur Joanne*














Saterdag 18 Oktober 2025 8:00 am - 9:30 am

# SKOONMAAKAKSIE 18 OKT 2025

EKO-BEDI
Die aarde behoort a



Waar: Ons maak weer skoon tussen die Begraafplaas en Kaws. Ons gaan ook die kanaal na DF Malherbe, wat ons laas nie klaar gekry het nie, weer skoonmaak. (Onthou asseblief waterskoene.)
Ons ontmoet by die ingang van die begraafplaas, vanwaar ons sal verdeel.
Onthou: Sakke, handskoene en
steekpenne word verskaf. Bring waterskoene as julle het.
Hoop om almal daar te sien!

Enige Vrae? Kontak: Carlo van Rensburg 0828408148

# Gemeenskaps-
# DAGBOEK






# Verjaarsdae!

## Saterdag 11 Oktober

Ansie Durand 072 319 1598 (Sa4)
Joubert Kotzé (PM5)
Emje Odendaal (Sa3)
Hannes Odendaal 082 3933 224 (Ba2)
Heinrich van Der Merwe (HK3)

## Sondag 12 Oktober

Hentius Barnard 083 2741 529 (PM3)
Hermari Gresse 079 8956 340 (Sa2)

## Maandag 13 Oktober

Elna Hechter (BB1c)
Christie Serfontein 083 5787 483 (BB1a)
Danie van Zyl 072 4320 909 (KB1)
John Whiteley 079 2209 440 (BB6)



## Dinsdag 14 Oktober

Susan Bartman (KB5)
Rita Bock 084 6723 193 (KB1)
Dirk van Velden 082 8091 330 (KB6)
Corrie van Wyk 084 5868 004 (PM3)

## Woensdag 15 Oktober

Hannah Louw 082 8507 139 (Ba2)

## Donderdag 16 Oktober

Herman Breedt 082 4684 701 (BB3)
Mariëtte Eager 072 8243 232 (KP2)
Frans Smit 083 5847 736 (Sb1)
Thys van Eck 083 2840 145 (PB1)
Marie Vorster 083 6586 205 (BB1b)

## Vrydag 17 Oktober

Johan Acker 083 3206 562 (KB6)
Yolandé Hansen 083 6608 401 (Sc3)
Hilda Kotzé 082 7965 933 (PM5)
Anelé van Wyk 084 9014 023 (Sb4)
Pieter van Wyk 072 2031 799 (KB1)
William Viljoen 060 4633 414 (Ba1a)

# Wat die Woord ons leer oor

# VOLHARDING

2 Timoteus 2:8-15



GESPREKSBLAD VIR GROEPE

**GROEPGESPREKKE | 13 - 18 OKTOBER 2025**

1. **Gesels bietjie saam...**

- Moes jy al ooit aanhou met 'n bepaalde taak wat regtig moeilik en uitdagend was? En wat het jou gehelp om gefokus te bly op die belangrike dinge in hierdie tye jou aandag afgelei is of toe die uitdagings van die lewe dalk groot was?
- In ons teksgedeelte gebruik Paulus 3 voorbeelde van volharding in moeilike tye (v 3-6), naamlik 'n soldaat, 'n atleet en 'n boer. As jy kon kies, watter een van die drie sou jy wou wees en hoekom sou jy dit kies?
- As jy net een vaardigheid, talent of gawe in die lewe kon kies, wat sou dit wees en hoekom sou jy dit kies?

2. **Ons storie nou...**

- Dit is soms vir ons as gelowiges (wat gered en geroep is) moeilik om te bly volhard met ons roeping. Daar is dikwels baie moeilike uitdagings wat dreig om ons aandag weg te vat van dit waarmee die Here in ons lewe besig is of wat Hy deur ons lewens wil doen. Dit was ook die geval met die jongdominee Timoteus.
- Paulus skryf daarom hierdie baie persoonlike brief aan Timoteus om hom aan te moedig om te volhard in sy roeping. En Paulus vestig Timoteus se aandag op 'n paar kernsake van die evangelie (die goeie nuus) van Jesus Christus.
- Deel met mekaar julle ervaring van hoe iemand wat 'n geloofsmentor in jou lewe is, al vir jou gehelp het met goeie raad en aanmoediging in tye wat vir jou moeilik was.

3. **God se storie...**

- Lees 2 Timoteus 2:8-15 rustig saam deur.
- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het of enige vrae wat jy mag hê.
- Deel met mekaar iets wat jou uit Sondag se erediens geraak het.
- Gesels met mekaar oor die volgende:
    - In vers 8 lees ons: "Onthou altyd dat Jesus Christus, 'n nakomeling van Dawid, uit die dood opgewek is. Dit is die evangelie wat ek verkondig." Hoekom - dink julle - herinner Paulus vir Timoteus op hierdie punt van sy brief aan hierdie waarheid?

- En hoe - sou julle sê - kan ons in ons alledaagse lewe "onthou dat Jesus uit die dood opgewek" is?
- Paulus skryf dat hy alles "verdra" ter wille daarvan dat ander die verlossing in Christus kan ontvang. Watter dinge is vir jou as gelowige moeilik om te verdra? En wat motiveer jou om dit tog te doen?
- Vers 11-13 bevat 'n loflied uit die vroeë kerk. Lees dit weer rustig deur en sê dan vir mekaar watter frase vir jou uitstaan en hoekom dit vir jou so kosbaar is.
- Paulus sê in vers 14 dat Timoteus die gelowiges ernstig voor God moet vermaan om op te hou stry oor woorde. Op watter manier(e) stry ons vandag as gelowiges in die kerk oor woorde?
- En hoe kan ons onderskei tussen 'n gesonde gesprek/debat en 'n skadelike argument?
- Wat beteken dit - volgens jou - om "die woord van die waarheid suiwer te verkondig"?
- Paulus moedig Timoteus aan om 'n arbeider te wees wat hom nie "skaam vir sy werk" nie. Hoe - dink jy - sal so iemand lyk en optree in ons gemeente of in julle familie of in die gemeenskap.

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

Hieronder is 'n voorstel van "6 sleutels vir volharding". Gesels as groep saam hieroor en hoe julle dit prakties in julle lewe kan gebruik.

- ***Onthou wie Jesus is*** (v8). As die lewe moeilik raak, onthou weer die kernboodskap van die evangelie, naamlik dat Jesus uit die dood opgestaan het en dat die waarheid is waaruit ons hoop kan kry. Maak elke dag tyd om te reflekteer op Christus se liefde, krag en beloftes vir jou.
- ***Vertrou op God se krag*** (v1). Jy hoef nie die uitdagings van die lewe alleen te hanteer nie. God se genade gee jou krag wanneer jou eie energievlakke laag is. Bid daarom eerlik en erken jou tekortkominge en vra God vir krag.
- ***Anker jouself in God se Woord*** (v15). Die Bybel herinner ons aan die waarheid van Jesus Christus wanneer ons eie gedagtes en omstandighede ons verlei om anders te dink. Herinner jouself gereeld vanuit die Woord aan die goeie nuus van Jesus Christus.
- ***Vermy geestelike randsake*** (v14). Vra die Heilige Gees om jou te help onderskei wanneer jy in moeilike gesprekke, debatte of dramas vasgevang word wat jou probeer wegvat van die teenwoordigheid van Christus. Fokus op dit wat jou geloofsverhouding met God bou. Beperk dus tyd wat jy spandeer in gesprekke oor verskille of negatiewe invloed.
- ***Bly verbind aan die liggaam van Christus*** (v10). God het ons geroep om deel van sy uitverkorenes te wees en daarom hoef ons nie op ons eie te probeer oorleef nie. Om betrokke te raak by ander se uitdagings, help dikwels dat ons ons eie uitdagings

makliker hanteer. Wees eerlik met jou medegelowiges en deel jou uitdagings met hulle.

- ***Onthou dat God getrou is al gaan dit ook met jou moeilik*** (v13). God los ons nie wanneer ons Hom nodig het nie. Hy is altyd getrou. Sy liefde en belofte is nie afhanklik van ons optrede nie, want Hy bly getrou aan sy karakter. Hou daarom 'n joernaal van God se getrouheid in jou lewe.

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord met die oog op Sondag 5 Oktober se eredienste en oordink dit solank hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 13 Oktober - 2 Timoteus 2:8-15
- Dinsdag 14 Oktober - Psalm 119:97-104
- Woensdag 15 Oktober - Jeremia 31:27-34
- Donderdag 16 Oktober - Lukas 18:1-8
- Vrydag 17 Oktober - 2 Timoteus 3:10 - 4:8
- Saterdag 18 Oktober - 2 Timoteus 3:14 - 4:5